MALEAGI 4:1-3 NGK MIEDERPARK 7/2/10
TEMA: DIE HERE HET INGEGRYP Ds Okkie Cilliers

"Die dag van die Here kom…" Vir die Jood van die OT was dit musiek in die ore! Daar gaan 'n dag kom wanneer die Here sal ingryp en al die bose heidene rondom hulle van die aarde sal vee. Dit is die dag wanneer Israel uit die stof sal opstaan en almal sal weet dat hulle God se volk is en Israel sal weer die nasie wees soos in Dawid se tyd!

- As die onderwerp ter sprake gekom het, is beloftes soos gemaak in Ps 2 so mooi: God is vir Israel en teen die ander nasies! *"Ons is God se mense!"*

Maleagi het dié mat kru onder die Jode uitgeruk. Hy het gepreek dat die dag weinig te maak het met 'n nasie wat sal opstaan, maar die kerk van die Here wat gesuiwer sal word. Die "dag van die Here" is nie 'n glorieryke herstel van Israel nie, maar 'n dag wat sal brand soos 'n oond waar die kaf van die koring geskei sal word (vers 1). Dié preke het die volk onrustig gemaak en vrae is gevra aan die dominee(3:16): hoe kan jy sulke dinge preek, jy is immers deel van Israel? Hoe kan jy sê dat God by Israel verby sal loop en die verfoeilike heidene 'n kans sal gee…?
Hy het aangehou preek dat die dag van die Here nie net gaan oor dit wat **God vir die volk** doen nie, maar ook wat **die volk vir God** doen. Dit is die dag waarop elke mens getoets word om te kyk of hy deel is van die volk van die Here. Ds Maleagi het sonder genade die een ding na die ander uitgehaal en gewys dat hulle <u>bang moet wees</u> vir die dag van die Here, want dis 'n dag van veroordeling – nie vir die volke nie, maar *vir almal* en dit begin juis by die mense van die kerk, diegene wat sê hulle is die Here se volk.

- Julle verstaan nie dat die dominee sê julle het nie respek vir die Here nie, maar kyk gerus na die offers wat julle kerk toe bring (1:6-7).
- Julle verstaan nie dat die dominee sê dat die leiers in die kerk met pensmis in die gesig gegooi moet word nie (2:3). Hulle is die Leviete en die priesters, die wat moet weet, maar hulle maak net wat hulle wil (2:7-8).
- Julle verstaan nie wat die dominee preek nie want julle huwelike is nie 'n verbintenis aan mekaar nie maar 'n uitloop op mekaar (2:14-15).
- Julle praat van herstel van die kerk, maar julle besteel die Here met geld (3:8-9)…

Die mense moes die kerk bitter onsteld verlaat het na ds Maleagi se preke. Dalk was daar na die tyd 'n kommissie aangestel om die man se praatjies te ondersoek: "Die Here kan mos nie teen sy eie mense draai nie."
<u>Israel het van die dag van die Here 'n teorie gemaak: dit kan betekenis hê vir al die mense ver en rondom ons, maar persoonlik sê dit nie veel nie want ons is reg!.</u>

Die "dag van die Here" het natuurlik met die koms, dood en opstanding van Jesus sy groot betekenis gekry. Die gebeure rondom Hom was so radikaal dat Hy kon sê dat Hy die weg, die waarheid en die lewe is (Joh 14:6); dat elkeen wat die Seun het die ewige lewe het en dat elkeen wat Hom nie het nie in die ewige verdoemenis sal beland (1 Joh 5:10); dat Hy die volmaakte vergifnis van sonde is (Kol 2:14); dat gebede wat in Sy Naam gebid word deur God verhoor sal word (Joh 15:16); dat Hy die bron van alle krag vir/in die lewe is (Fil 4:13)… *Hoewel ons nooit heeltemal sal verstaan wat Jesus kom doen het nie, kry die "dag van die Here" in Hom volle betekenis. Dit is nie 'n teorie nie en het ontsaglike betekenis vir elkeen wat in Jesus glo.*

Die dag het verreikende gevolge, want God gryp in! Almal hoor die woorde, maar die impak daarvan is vir die meeste mense net ‘n teorie. Miskien is dit onkunde, dalk ongeloof, maar ons maak soos die Jode: ***dit kan betekenis hê vir die mense rondom ons, maar persoonlik sê dit nie veel nie.***

Ek het die vraag vir mense gevra: “Het jy reeds die dag van die Here beleef?” Party was baie ongemaklik met ‘n direkte vraag, ander het my aangekyk asof die maan my bygekom het. Maar omtrent almal het min of meer “ja” geantwoord. Toe gevra word wat dit vir jou beteken, het die meeste mense antwoorde gegee waarvan ek redelik seker is hulle verstaan self nie wat hulle sê nie – want mense hou nie daarvan om met hul eie tekortkominge gekonfronteer te word nie! Maar die saak is net so lewend soos in Ds Maleagi se tyd: verstaan jy dat jou offers aan die Here moet wys dat jy daardie ontmoeting met die dag van die Here gehad het; dat jy ‘n verantwoordelikheid teenoor die kerk het omdat jy die Here ontmoet het; dat jou verhouding met ‘n spesifieke man/vrou van so aard moet wees dat dit getuig van die dag van die Here; dat jou geld in/aan die kerk ‘n geskenk van dankbaarheid aan die Here moet wees…

- Daar is ‘n dag gewees waar God ingegryp het in jou lewe!

Dan maak ons wat mense altyd doen: “ons praat van ander mense en nie van my nie.” As daar wel van my gepraat word, dan moet jy tog verstaan hoekom die gemeente so ongemaklik oor die profeet se preke geraak het, want dit het het aan dinge begin krap wat ongekrap moet bly! Wie wil nou hoor van pensmis wat in hulle gesigte terug gespat sal word? Ons het vir elke ding ‘n antwoord, is alewig aan die roer met huweliksmaats, kerk, geld en ander mense. Eintlik maak mense wat hulle wil asof daar nooit ‘n dag van die Here was nie en ook nie weer een gaan kom nie.

Drieradikale dinge word hier genoem:

1. Die redding van die Here staan vas!

Dit word genoem “die son van redding sal skyn met genesing in sy strale.” Die son word hier as beeld gebruik omdat dit die simbool van lig, warmte en lewe is. Teenoor dit staan die dood en die donkerte, die plek waar die satan prins is. Dis daar waar al die dinge gebeur wat nie van die Here kom nie – dinge wat die mens vasgryp en hom met kettings vasbind. Want dinge van die donkerte is nie goed wat in die openbaar gedoen word nie; waar niemand kan sien nie word daarmee gewoeker. Maar dis baie meer as ‘n gewoekery want die Satan slaan sy kloue dieper en dieper in en die een wat met hiermee besig is besef nie wat hy doen nie totdat dit te laat is.

Voorbeelde daarvan is baie (en dit moet liefs nie genoem word nie, “omdat dit in die donkerte hoort!) en vernietigend – mense doen dinge wat in die begin opwindend en avontuurlik lyk maar ongemerk slaan die Satan penne in. Met verloop van tyd het dit geboemerang en baie suur geword. Dan verval mense in ‘n lewenspatroon met ‘n pendulum wat swaai van dubbele lewens leef na oorweldigende skuldgevoelens; verskonings en regverdiging. Meestal kan hulle nie daaroor praat nie en ook nie gaan hulp soek nie want dis geheime dinge van die duisternis. Dit knak mense. Die pyn daarvan skreeu uit wanneer mense se huwelike breek, verhoudings stop, gemeentes seer kry… omdat daar goed gedoen is wat in die donker hoort. Dis ongemaklik om hieroor te praat, want donkerte het baie kleintjies in ons lewens gekry.

Maar ons wil die dinge nie hoor nie, want hier word van *ander* mense gepraat – ek is reg!

Hoor dit wonderlike evangelie van redding: die Here se son skyn daaroor want die dag van die Here het gekom. Dis nie nodig om langer deur in en met die donkerte te leef nie, want die Here weet wat van alles wat gebeur het en Sy son bring lig, lewe en warmte! Let daarop dat die son "*redding*" bring: die Here se lig maak alles oop **sodat jy daarmee kan deel** en dit dan kan afhandel.

- Kyk hoe word die Here se redding verduidelik in Heb 7:22

Vandag is die dag van die Here in jou lewe: daar is redding en jy kan dinge in die oë kyk en daarmee klaarmaak. Dit maak nie saak wat gebeur het nie – Jesus is jou borg! Of die donkerte gekom deur dinge wat jy gedoen het of wat ander aan jou gedoen het, jy *moet iets daaraan gaan doen!* Roep God se lig sodat dit in jou lewe kan skyn; praat met God daaroor, aanvaar sy vergifnis en gaan maak dan reg: as dit met mense is, doen dit so. As dinge gebreek moet word, doen dit so; as die lewe geleef moet word, doen dit so… Want die dag van die Here het gekom.

Die son bring ook "*genesing*." Hier is nie sprake van ou wonde wat verpleeg word nie, maar God wat gesond maak. Daar waar nie meer liefde is nie, tel die Here mense weer op en sit liefde terug, waar verhoudings gestop het, gee die Here hoop. As die donkerte se vernietiging van sonde en skuldgevoelens jou op die rand van die lewe gebring het, wys God wer 'n nuwe pad. *Daar is so iets soos volmaakte bevryding* – dis nie 'n teorie nie! Die Here maak goed in Sy bloed toe en Hy haal dit uit sy gedagtes uit en met Sy genesing word ek die heel mens wat Hy vir my in gedagte gehad het.

'n Woord van vermaning: pasop as jy die oorsaak is dat ander mense swaar kry en hulle nie genesing en redding kan beleef nie omdat jy hard is en nie wil vergewe nie, of omdat jy dikkopig is en nie uit die donker wil klim nie. Die dag van God is vir sulke mense 'n teorie en Satan bind deur sulke mense ander met kettings vas.

2. <u>Die redding van die Here is vreugde!</u>

Die dag van die Here bring vreugde in jou lewe – en daar is baie min mense wat weet wat vreugde beteken! "Julle sal bokspring soos vetgemaakte kalwers." Die boere sê dat 'n jong kalf skoon baldadig kan raak as hy goed geëet het en die reen wat aan die kom is, kan ruik. Die lewe bruis deur hom!

Vreugde is die onderskeid tussen mense wat God beleef en diegene wat teoreties oor Hom praat. Want "kindskap" beteken oneindig meer as om korekte dinge te doen. Dit beteken dat my hart losgekom het van die dinge wat my gejaag het, dat God se lig in die lewe gekom het en dat ek nou rustig mag raak en die lewe *demonatratief* kan geniet. Ons ken nie'n gebokspring van vreugde nie! Ons is veronderstel om anders te wees en bly te wees oor die dag van die Here wat gekom het. Maar in plaas van vreugde sien ons mense wat versmoor onder alles wat dood druk. Hulle kla en mor oor mense en die dinge van die donker – en daar is nie oorwinning in hul lewe nie omdat hulle nie weet wat dit is om te lag in die krag van die Here nie! "*Kindskap*" is om myself te verlustig in my "*Pa*" wat die beste sorg! (Enkele tekste is Deut 26:11; veral 28:47-48; Esra 3:12-13; Neh 12:43; Ps 32:11; 35:27; 37:4; 51:12.)

Vreugde kom nie vanself en as jy goed oor jouself en ander mense voel nie. want die bron daarvan lê buite myself en my situasie – dit lê by God! So gesien, kan jy in die

moeilikste en slegste situasies jou verlustig in die goedheid van die Here! ‘n Paar voorbeelde: *as mense jou afgekraak het* en vertel het dat jy nie goed genoeg is, moet jy weet dat ‘n leuen is. Jesus se redding is baie groter as die veroordeling wat in harde mense se harte lê – gryp weer die dag van die Here aan en verlustig jou in Hom! **Moenie dat mense jou vreugde steel nie**. *As jy nog ‘n keer misluk het* omdat jy jou voorgeneem het dat jy hard gaan probeer en dit toe nie reg gekry het nie, moet jy nie jou kop laat sak nie. Die Satan teer op jou emosies en wil jou wysmaak dat jou dae getel is en dat genade nie meer vir jou bedoel is nie. **Moenie dat sonde jou vreugde steel nie**. God se genade is groot en goed en daarin mag jy jou verlustig! *As dinge gebeur het wat buite jou beheer i*s en groot spanning in jou huis kom woon het, mag jy nie hoop verloor nie! As dit groot siekte is, onthou dat die dag van die Here ook wyd en ver oor siekte loop (Rom 8:39). **Moenie dat dinge jou vreugde steel nie**. As die uitloop met die geld anders geloop het as wat jy gereken het, moet jy nie jou waarde in Rand en sent meet nie want jou vreugde gaan ‘n teorie word! Die Here is die God wat al die vee op ‘n duisend heuwels besit en Hy sal na jou kyk – miskien nie op die manier wat jy dit wou hê nie, maar Hy sal kyk! Vind jou vreugde in die Here!

- Moenie dat enigiets jou so belieg dat daar *niks* vreugde oor is nie, en as dit gebeur het moet jy gaan hulp soek.

Vreugde is ‘n ***ding*** wat ***gedoen*** word en dit maak God tasbaar en dit bring hoop.

3. <u>Die redding van die Here trap op die ongelowiges.</u>

Hulle sal “soos stof vertrap word” onder die voete van hulle wat glo.Slegs diegene wat glo in die redding van die dag van die Here, kan kinders van God genoem word - die ander staan buitekant. Dit verander die hele opset van wat ons “Godsdiens” noem. Want dit is nie genoeg om betrokke te wees by ‘n kerk nie, of somtyds bybel te lees, dalk ‘n gebed te bid, iets te sing in die kerk… Die skyn van tradisiegelowiges gaan by die lewende God verby want Sy lig skyn tot in die dieptes van die murg en gebeentes: Hy weet alles! Dit is die ander kant van God wat nie net mooi, genadig en liefdevol is nie. Hy is ‘n heilige en regverdige God wat sonde nie naby Hom toelaat nie.

Die Here trap op mense wat nie die dag van die Here ken nie en Hy vra dat ons dieselfde moet doen: vreugdelose mense mag nie ons lewens beïnvloed nie. ‘n Paar voorbeelde: moenie jou meet aan wat sulke mense van jou dink nie, want hulle mening tel nie. Moenie die dinge doen wat sulke mense doen nie – moet hulle glad nie in jou lewe toelaat nie want die Here is jaloers op bloedgewaste kinders en deel hulle met niemand nie (2 Kor 6:14-15). Moenie sulke mense gaan uitsorteer en terug betaal vir wat hulle gedoen het nie – God sal dit doen en hulle tot stof vertrap. Somtyds draai God se wiel baie vinnig, somtyds baie stadig. Maar God vertrap hulle.

‘n Woord van vermaning: as jy die oorsaak word dat ander mense vertrap word en swaar kry, gaan die Here op jou trap. Wees versigtig hoe jy met jou gesin werk, wat jy vir mense sê, hoe jy besigheid doen, wat jy oor mense se persoonlikhede kwytraak…

Die redding in Jesus is nie ‘n belydenis nie – dis veel meer as dit. Dit is ‘n lewenswyse waar die gans andere God my gans anders gemaak het. Dis ‘n lewe waar die Here met krag en oorwinning regeer. Mag jy dit so beleef. Amen